DONKIEKAR STAP VIR PREDIKANTE

Ons verken die Weskus te voet! Na die stres en lang ure van Paasnaweek 2020, is hierdie die ideale geleentheid om weer jou liggaam en siel met mekaar te laat gesels, as ons stadiger en meer bewustelik beweeg. Hier is geen selfoon sein nie, so ons beleef in 'n mindere of meerdere mate dieselfde as die vroeër pelgrims. Ons het slegs een basis vir die hele vyf dae, en word per voertuig vervoer na ons daaglikse begin- en eindpunte. Die staptoer het sy naam te danke aan die donkiekar wat deurgaans naby is om jou op te tel as die dag se stap-wat wissel tussen 12-20km per dag-vir jou te lank raak.

Saans ontspan ons langs 'n kampvuur, en deel van ons gewaarwordinge deur die dag as ons leer om ons sintuie en gees al ho meer as simfonie te laat weerklink. Elke oggend begin met 'n teks of gedagte waaroor jy deur die dag moet dink en saans lewer ons terugvoer.

Ons gaan selfs een dag heeltemal in stilte stap! Ons beveel hierdie staptoer ook vir paartjies aan om weer op dieselfde golflengte te kom. Ontbyt en aandete word voorsien en 'n mens dra bedags net 'n klein sakkie met jou middagete en water en leer op die manier om weer ligter deur die lewe te gaan.

Met indiening van 'n kort artikel met foto's kan jy 40 VBO punte hiervoor verdien.

27 April - 1 Mei

Kontak: pietretief26@gmail.com vir verdere inligting